## DR. J. H. PIERNEEF: BIOGRAFIESE SKETS EN SY BELANGSTELLING IN DIE ROTSKUNS.[1]

Jacob Hendrik Pierneef is op 13 Augustus 1886 in Pretoria gebore. Sy vader, Gerrit, het in 1884 uit Rotterdam, Nederland (waar hy vir 'n skeepstimmerwerf skeepsmodelle gebou het) na die Transvaalse hoëveld gekom en hom in Pretoria gevestig. Hier is hy getroud met Christina Buser, die dogter van 'n Hollandse onderwyser en sy Vrystaatse vrou. Die Busers was 'n Voortrekkerfamilie wat hulle in die Marico-distrik gevestig het.

Gerrit Pierneef was 'n getroue kerkganger, het gereeld huisgodsdiens gehou en is gou in die geledere van die Gereformeerde Kerkraad opgeneem, eers as diaken en later as ouderling. As bouer in Pretoria was een van sy eerste groot opdragte om 'n kerk op die terrein van die teenswoordige Kerkplein op te rig. Hy was ook verantwoordelik vir die ontwerp en voltooiing van die preekstoel. Daar word vertel dat pres. Kruger, wat lid van dieselfde gemeente was, en met hom bevriend geraak het, dikwels Gerrit Pierneef se werkswinkel besoek het gedurende die tyd wat hy besig was om die preekstoel uit hout te kerf en dan spottend gevra het: „Is jy seker dit sal sterk genoeg wees?" (Pres. Kruger het by geleentheid self 'n preek gelewer). Dié preekstoel word tans bewaar in die *Nasionale Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum, Boomstraat.*


Gerrit Pierneef het ook die eerste gebou in die destydse mynkamp van Johannesburg opgerig. Dit was wel van sink en hout aanmekaar geflans, maar tog bestaan daar geen twyfel dat dié struktuur wat R414 gekos het en op erf No. 23 in Markstraat gestaan het, die eerste permanente gebou in die kamp was nie.

Daar was volop werkgeleenthede aan die Rand in daardie dae, en Gerrit het talle briewe aan sy oud-landgenote geskryf en as gevolg waarvan 'n hele aantal Hollandse bouers na Suid-Afrika geëmigreer het. Alhoewel daar geen bewyse daarvoor bestaan nie, word vermoed dat Anton van Wouw moontlik op dié manier na Suid-Afrika gekom

1. Met hierdie studie is beoog om 'n opname te maak van sommige kopieë wat J. H. Pierneef van rotstekeninge gemaak het, om die kopieë te bespreek, die lokaliteite van die oorspronklike tekeninge vas te stel, en Pierneef se belangstelling in die rotskuns kortliks te bespreek. 'n Biografiese skets met 'n hele aantal nuwe feite oor die skilder se lewe is opgestel. Daar is ook gepoog om aan te toon dat Pierneef moontlik slegs twee rotsskilderye van 'n rotswand af nagetrek het en die res almal van G. W. Stow en Helen Tongue se kopieë.
Dit lê nie binne die bestek van hierdie kort studie nie, en daar word ook nie beoog, om die invloed van die rotskuns op Pierneef se skilderwerk na te speur nie.

het as pleisterwerker. Hy was in elk geval so bevriend met die Pierneef-gesin dat toe Jacob gebore is, hy gevra is om peetvader oor hom te wees.

Jacob het in sy latere leeftyd uitgereken dat hulle as gesin in dié tyd drie-en-dertig keer van woonplek verander het, aangesien sy pa 'n huis gekoop, verbeter en dan weer verkoop het. Jacob het egter altyd met tere herinnering gepraat van die plasie by Derdepoort, noord-oos van Pretoria, waar hy in die grond kon werk en waar hulle van jongs af moes leer om bou- en houtwerk te doen. In die opskrif van 'n spotprenttekening in *The Star* van 25 Junie 1927, meld Pierneef dat hy sy eie huis gebou het en dat hy 'n kenner is van hoe om tamaties te kweek.



*Die bokke op dié foto is afgetrek van G. W. Stow.*

Die Pierneefs was taamlik welaf. Die huisgesin (vader, moeder, twee seuns en vier dogters) het streng godsdienstig gelewe volgens 'n sterk Calvinistiese inslag.

Met die besetting van Pretoria deur die Britse troepe in 1900, is die gesin Pierneef na Durban gestuur, waar hulle voor die keuse gestel is om óf geïnterneer te word, óf om op eie koste Nederland toe te gaan, vanweë die feit dat die *Hollander* Gerrit Pierneef die Boere behulpsaam was deur 'n hulppolisiemag te organiseer. Gevolglik is die Pierneefs na Hilversum.

J. H. Pierneef het sy eerste tekenonderrig aan die Staatsmodel Skool in Pretoria van die Nederlander, Hondius, ontvang. In Hilversum kry hy nou die geleentheid om aandklas by 'n bejaarde argitek te loop. Hy kom ook in aanraking met 'n ou heer met die naam van De Nooij wat kunstenaarsverf vervaardig het en ook 'n kenner van vernis was. Sodoende maak hy kennis met die Vlaamse en Nederlandse kunstenaarstradisie waar grondstowwe self gemeng word. Hy doen ook kennis op oor die soorte verf wat op hout of pleister gebruik moes word, asook van dié soort wat vir die palet geskik was. Na ses maande in Hilversum, trek die familie na Rotterdam. Gedurende sy verblyf aldaar, wen Jacob deur middel van 'n tekening 'n beurs wat hom die geleentheid bied om leerling te word aan die kunsskool *Academia Erasmiana* in Rotterdam, terwyl hy in die museum Boymans geleentheid gekry het om die werk van die ou meesters grondig te leer ken.

Na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog verhuis die gesin terug na Suid-Afrika en vestig hulle te Pretoria.

Die probleem van „'n kunstenaar in die familie" het reeds op 'n vroeë stadium die ouers begin kwel. Aangesien skilder slegs as tydverdryf beskou is, besluit Gerrit dat daar praktiese gebruik van Jacob se tekenaanleg gemaak moes word en besluit gevolglik om hom vir argitek te laat studeer. Die noodlot het egter anders besluit! Gerrit staan borg vir 'n vriend van hom in 'n ingenieursonderneming wat nie slaag nie. Die banke eis al Gerrit Pierneef se eiendom, en hy bevind homself in dieselfde posisie as twintig jaar tevore, toe hy sonder 'n duit die land binnegekom het.

Jacob Pierneef en sy broer het nog 'n jaar lank skoolgegaan. Later het Jacob met groot waardering teruggedink aan sy onderwyser, dr. Bruyer, van dié jaar. Lg. het altyd sy klas in die veld geneem en hulle plantkunde en dierkunde so geleer. Op dié wyse het hy bygedra tot Pierneef se groot kennis en gehegtheid aan die Suid-Afrikaanse landskap.

Intussen het Anton van Wouw en Frans Oerder die jong man,

wat so 'n sterk liefde vir teken en skilderwerk getoon het, aangemoedig om sy talent te beoefen. In die *City of Johannesburg Africana Museum Annual Report* vir 1963, is 'n waterverf van J. H. Pierneef afgebeeld met die onderskrif *Oom Anton van Wouw besig om te skilder in ons kamp.*[2] In *The commemorative booklet of the Pierneef Festival,* Augustus 1964,[3] is ook 'n skets *Kamp met Anton van Wouw* (1920). Intussen het die Ier, George Smithard, hom ook geleer hoe om houtsneë te maak.

Ter aanvang van sy loopbaan werk Pierneef in Lodewijk de Jager se tabakwinkel in Pretoria. In 1910 verkoop hy sy eerste skildery *'n Blik op Meintjieskop* vir R6.30 aan Emil Schweickerdt, 'n Pretoriase kunshandelaar. Vanaf ongeveer 1912 tot 1920 is hy bibliotekaris by die Staatsbiblioteek in Pretoria waar hy 'n nuwe katalogus opstel en sodoende kennis maak met al die Africana-boeke in die biblioteek.

In 1911 stuur hy twee etse na die eerste uitstalling van *The Guild of South African Artists* in Johannesburg. Altwee word verkoop. Pierneef stal ook saam met 'n groep, die sg. „Individualists" uit wat kunstenaars soos Pieter Wenning en Smithard insluit. Sy eerste eenmansuitstalling hou hy in Oktober 1913 by De Bussy se boekwinkel in Pretoria. Die vorige aand egter, sak een van Pretoria se berugte haelstorms uit, water stroom deur die dak van die winkel en beskadig Pierneef se pastelskilderye en tekenwerke.

Intussen trou Pierneef en bou vir hom 'n huis naby die Dieretuin. „Hoewel die werke uit hierdie periode groot frisheid en spontaneïteit, veral van kleur en atmosfeer vertoon, kry ons op hierdie stadium nog geen tekens in Pierneef se kuns dat hy in enige ander rigting as die romantiese, realisme en die akademiese sal beweeg nie."[4]

Pierneef stal nou dikwels en gereeld uit: in Bloemfontein in 1919 en in 1921 in Kaapstad en Stellenbosch.

Vanaf 1920 tot 1923 is hy kunsdosent aan die Pretoriase en Heidelbergse Normaalkolleges, waarna hy sy betrekking neerlê en hom voltyds aan sy kunsbeoefening wy. Hy vertel dat hy so gefrustreerd geraak het met die metode van onderrig dat hy op sy laaste dag as dosent aan die Direkteur van Onderwys gesê het „Ek sal graag my verf en kwas wil neem en bo aan elk van dié instansies wil skryf ‚*Abnor-*

2. *City of Johannesburg Africana Museum Annual Report* vir 1963. R. F. Kennedy: *Catalogue of Pictures in the Africana Museum* (1968), dl. IV. no. P 199.
3. *The commemorative booklet of the Pierneef Festival,* Augustus 1964.
4. Katalogus: Die Dirk Lion-Cachet versameling van werke van J. H. Pierneef. (Pretoriase Kunsmuseum), 1965, Voorwoord deur A. J. Werth.

*male Kolleges' "*. Intussen het hy in 1922 die muurskilderye in die Ficksburgse Hoërskool voltooi. Met een van sy besoeke aan Heidelberg reis hy van Pretoria oor Johannesburg en ontmoet die jong Indiër prokureur, Mahatma Ghandi, met wie hy later lang filosofiese gesprekke gevoer het.[5]

In 1923, op 37-jarige leeftyd, vind 'n gebeurtenis in Pierneef se lewe plaas wat hom baie sterk beïnvloed het: hy skei van sy eerste vrou en trou in 1924 met mej. Marian Frances Schoop, 'n intelligente jong onderwyseres uit Holland. Terselfdertyd breek hy ook finaal met sy kerk. Met Pierneef se huwelik met mej. Schoop, het Schweickerdt die eerste skildery wat hy van Pierneef gekoop het, uitgedelf en dit aan die egpaar as trougeskenk gegee. Dit was 'n daad van dankbaarheid vir die ondersteunende vriendskap wat hy deur die jare van Pierneef ontvang het.

Die ontevredenheid wat daar gevolg het op Duitsland se sinking van die *Lusitania* gedurende die Eerste Wêreldoorlog, het ook in Pretoria weerklank gevind, gevolglik het ook Schweickerdt, as Duitser van herkoms, onder die skare se gevoel vir geweld deurgeloop. Pierneef het egter sy ou vriend te hulp gesnel en die volgende oggend pryk daar buite op Schweickerdt se kunslokaal 'n naambord met die opskrif *Pierneef Kunshandelaar*, met twee groot foto's van Koning George V en Koningin Mary in die venster.


Na sy bedanking uit die onderwys, onderneem Pierneef as voltydse kunstenaar 'n reis na Suidwes-Afrika. Hy gaan tuis by Toon van den Heever in wie hy 'n ware geesgenoot vind. Na 'n uitgerekte besoek aan Suidwes-Afrika, besoek hy verskeie dele van Suid-Afrika. Hy geniet die sekuriteit van 'n gelukkige huislike lewe en sy skilderye uit hierdie tydperk word beskou as van die beste wat hy ooit gelewer het.

Hy en sy vrou gaan in Mei 1925 na Europa waar hy die kunslewe van die na-oorlogse jare as „chaoties" en „verbluffend" ervaar. Nietemin vind hy aansluiting en nuwe geestelike krag in die besoek, en word baie van sy probleme in verband met sy kuns opgelos. Hy voel hom aangetrokke tot die monumentaal dekoratiewe styl, veral dié van Willem van Konijnenburg, 'n Hollandse skilder en grafiese kunstenaar wie se werk op die geometriese-liniêre komposisies gebaseer is en vir wie, nie die kleure nie, maar die liniêre ritme die bepalende faktor in die kuns was. Pierneef hou met groot welslae tentoonstellings in Amsterdam en Rotterdam, waarmee Anton Hendriks

5. Ghandi het in daardie tyd in 'n rondawel in Orange-Grove gewoon. Die rondawel het in 1968 nog bestaan.

baie nou gemoeid was. In *Die Huisgenoot* van 4 Desember 1925[6], verskyn 'n artikel van Anton Hendriks oor die uitstalling in Amsterdam wat deur die Hoëkommissaris van die destydse Unie van Suid-Afrika in Londen, adv. J. S. Smit, geopen is.

Terug in Suid-Afrika werk hy steeds voort in verskillende style en eksperimenteer hy met verskillende maniere om die Suid-Afrikaanse landskap effektief weer te gee. As gevolg van 'n groot uitstalling in Pretoria in 1928 en wat 'n finansiële mislukking is, is Pierneef vir 'n ruk lank verwar.



*Na Stow (plaat 56); vindplek: die plaas Boomplaas, Zastron-distrik. Volgens mej. Bleek het Stow in die geval sy eie groepering gemaak en Pierneef se kopie is presies dieselfde as die van Stow.*

In 1930 kry Pierneef egter sy eerste groot opdrag — en een waarvoor hy groot erkenning ontvang het nl. die twee-en-dertig muurskilderye in die Johannesburgse stasie. In 1933 voer hy ook die muurskilderye in Suid-Afrikahuis, Londen,[7] uit en sewe jaar later voltooi hy twee groot doeke vir die Johannesburgse Landdroskantoor.

6. Hendriks, P. A.: *De schilder J. H. Pierneef in Holland, Die Huisgenoot*, 4 Desember 1925.

Oom Henk, soos hy later algemeen bekend geword het, het in 1935 die erepenning van die Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang. Hy was die eerste kunsskilder wat hierdie eer te beurt geval het en in Junie 1957 word hy tot erelid van die Akademie benoem.

In sy latere lewe begin hy om self 'n huis in Brummeria, een van die oostelike voorstede van Pretoria, te bou. Die huis, gebou van klip, ontvang die naam van Elangeni. Terwyl hy met die bouery besig was, kry hy 'n hartaanval waarvan hy nooit volkome herstel het nie, hoewel hy nog aktief geskilder het.

In September 1956 het hy sy sewentigste verjaardag gevier met 'n tentoonstelling van sy werke in Johannesburg wat 'n oorsig van sy kunsontwikkeling gegee het. Slegs tien werke is te koop aangebied wat reeds voor die opening van die tentoonstelling verkoop is.

In April 1957 het hy 'n ere-doktorsgraad in die Lettere en Wysbegeerte van die Universiteit van Pretoria ontvang.

Op 4 Oktober 1957 is J. H. Pierneef op 71-jarige leeftyd oorlede en op 7 Oktober uit die N.G. Gemeente Pretoria-Oos ter ruste gelê in dieselfde graf as dié waarin sy baba-boetie gedurende die Tweede Vryheidsoorlog begrawe is.

*Pierneef en die Rotskuns*

Dit blyk uit 'n grondige ondersoek dat Pierneef vanaf ongeveer 1914, en in elk geval voor 1920 in die rotskuns begin belangstel het. Mev. Pierneef meen dat hierdie belangstelling van haar man gaande gemaak is deur o.a. afdrukke van die kuns van die Altamira-grotte in Spanje. Volgens geraadpleegde literatuur het Pierneef in 1925 in Amsterdam[8] die eerste keer van sy voorstellings van die Boesmankuns uitgestal, maar volgens mev. Pierneef was daar min belangstelling.

In 1925 verklaar Pierneef dat indien Suid-Afrikaanse kunstenaars 'n inheemse kuns wil ontwikkel, hulle dit moet soek in vaderlandse huise en heuwels, en nie in die kunsgalerye van Europa nie.[9] Pierneef was een van ons eerste kunstenaars wat die belangrikheid van 'n kuns met 'n ware Suid-Afrikaanse inslag bepleit het. Hy was waarskynlik ook die eerste kunstenaar om in die jare voor 1920[10] reeds die aandag te vestig op die moontlikheid dat die rotskuns as grondslag kan dien vir 'n kuns met 'n Suid-Afrikaanse karakter. Grosskopf

7. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns,* jrg. 14, Oktober 1935, bl. 78.
8. *Die Burger,* 27 November 1925, bl. 2.
9. *Rand Daily Mail,* 5 Oktober 1957.
10. Grosskofp, J. F. W.: *Hendrik Pierneef, the man and his work,* Pretoria 1947, bl. 18 en 23.

meen dat Pierneef „became convinced (30 years ago) that the flowing line of the forgotten Bushman artists was characteristic of the whole nature of our country."[11]

Hy het die hoogste agting gehad vir die Boesman se skerp waarnemingsvermoë en effektiewe vereenvoudiging. Grosskopf maak spesiaal melding daarvan dat Pierneef gedurende sy vakleerlingsjare waarskynlik Boesmantekeninge gekopieer het, en na rotstekeninge gesoek het in die rotsskuilings waarvan hierdie voorhistoriese kunstenaars gebruik gemaak het. Grosskopf is daarvan oortuig dat hierdie tekeninge Pierneef se idees aangaande die kunstenaar se benadering tot die natuur, sterk beïnvloed het.[12]

Tussen Pierneef se dokumente wat tans in die Suid-Afrikaanse Argief, Uniegebou, Pretoria, bewaar word, is daar 'n nabootsing van 'n rotstekening van 'n boom en mens-figure wat Pierneef uit dr. Carl Peters se boek *The Eldorado of the Ancients*[13] oorgeteken het. As mens die oorspronklike vergelyk met die boom op die buiteblad en illustrasies twee en drie van Grosskopf,[14] of met bladsy 211 van *Lantern,* Desember 1952, dan wonder mens onwillkeurig of Pierneef nie moontlik op 'n vroeë stadium, waarskynlik voor 1920 toe hy bibliotekaris was en toegang tot dié boek van Peters gehad het, die skets (tans in die argief) gemaak het nie. Hierdie vorm van die *Acacia* word weerspieël in die meeste van sy latere landskapskilderye en as 'n mens in gedagte hou dat Pierneef dikwels nie direk van die natuur geskilder het nie, maar gewoonlik sy werke in sy ateljee voltooi het, is dit duidelik dat hierdie rotstekening 'n blywende indruk op hom moes gemaak het. Plantkundiges is geraadpleeg om die boom soos uitgebeeld in dié rotstekening asook dié deur Pierneef, te identifiseer. Hulle is die mening toegedaan dat die sambreelvorm wat so dikwels deur Pierneef uitgebeeld is tipies van *Acacia tortilis* (Sambreelboom of Basterkameeldoring)[15] en nie dié van *Acacia giraffae* of egte kameeldoring nie. Die tekening wat ongetwyfeld 'n egte kameeldoring is, is *The Patriarchs*, illustrasie 20 in Grosskopf se werk.

In Pierneef se dokumente is daar onteenseglike bewyse dat hy George William Stow se kopieë van rotstekeninge op deurslagpapier nagetrek het en dié weer op tekenpapier oorgetrek en ingeverf het. Stow het sy kopieë in die vorige eeu gemaak en dié is deur mej. Lloyd van mev. Stow gekoop. Mej. D. Bleek het dit geërf en op haar beurt

11. *Ibid.*
12. *Ibid.*
13. Peters, C.: *The Eldorado of the Ancients,* 1902, bl. 391.
14. Grosskopf, t. a. p.
15. E. Palmer and N. Pitman: *Trees of South Africa,* 1961, bl. 165—166.

het sy dit weer aan die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad geskenk. Sommige van die kopieë is eers in 1930[16] gepubliseer en ander in 1953[17].

Skrywer hiervan het 'n hele aantal van die skuilings besoek waar die oorspronklike skilderinge voorkom, en gevind dat Stow baie van die kopieë saamgestel het uit tekeninge wat op verskillende plekke in die skuiling voorgekom het. My bevinding is gestaaf deur mej. Bleek in haar bewerking van Stow se boek.[18]

Pierneef het Stow so getrou nagevolg dat hy die komposisies wat Stow van diere of voorwerpe gemaak het, presies net so nageboots het. Daar kan dus met sekerheid gesê word dat Grosskopf[19] se opmerking i.v.m. Pierneef se soek na rotsskilderinge, grotendeels onjuis is.

In die *South African Pictorial* van April 1925 verskyn 'n artikel *The Art of the Bushman* deur Roger Castle.[20] Die aanvangsparagraaf lui soos volg. „My own opinion, backed by the opinions of some of the younger painters working in this colony, is that if a South African School of Painting is to be brought to birth, then the attention of the pupils and disciples of that school must be focussed on the Bushman."

'n Afbeelding van 'n eland met sy kop gedraai, word gegee, wat Castle beskryf as 'n juiste kopie van 'n Boesmantekening van 'n eland deur Pierneef. Die vindplek word egter nie gemeld nie. Na deeglike ondersoek blyk dit dat hierdie tekening afkomstig moet wees van die plaas, Magdala, Oos-Kaap. Dit is afgebeeld in Helen Tongue se *Bushman Paintings*.[21]


In die Pierneef-dokumenteversameling in die Transvaalse Argiefbewaarplek, is die eland presies net so nagetrek uit Helen Tongue se werk en toe deur Pierneef vergroot d.m.v. die blokkiesmetode en daarna is die voorstelling vir Castle se artikel gemaak. Gevolglik kan daar met sekerheid gesê word dat Castle ook 'n fout begaan het om te praat van 'n illustrasie „ . . . which he (Pierneef) did direct from the originals."

Mnr. Castle noem ook die bestaan van twee ander kopieë van elande deur Pierneef, maar gee geen verdere gegewens aangaande vindplekke of beskrywings nie. Hy sê ten slotte: „I am indebted to Mr. J. H. Pierneef for the two drawings, which he did direct from the

16. Stow, G. W.: *Rock Paintings in South Africa*, 1930, pl. 56.
17. Rosenthal, E.: *Cave Artists of South Africa*, 1953, bl. 35, 38, 40, 58, en 79.
18. Stow, t. a. p.
19. Grosskopf. t. a. p. Moontlik dat hy die skilderinge net besoek en bekyk het.
20. Castle, R.: *The Art of the Bushman*, South African Pictorial, 25 April 1925, vol. 20, nr. 508.
21. Tongue, M. H.: *Bushman Paintings*, 1909, p. 16.

originals, and also for all that I know of the Bushman art. Mr. Pierneef's own work shows a strong leaning towards the Bushman use of line, and he is, besides, the only person I have discovered who can adequately reproduce a Bushman drawing."

Dr. A. C. Bouman skryf soos volg oor Pierneef en die rotskuns. „Aan het slot van dit stuk moeten we nog stilstaan bij Pierneef's groter decoratief werk, waarvan de motieven gebazeerd zijn op de oude Boesmankunst. Al jaren lang houdt hij zich bezig met het ontwerpen en ontwikkelen van steeds nieuw gevarieerde en gekombineerde tekeningen, daarbij trachtend het oude karakter der Boesman-kunst te bewaren. Het behoort tot het wezen van Pierneef's kunstenaarsaanleg dat hij zich ook juist tot deze natuur-kunst aangetrokken voelt.



*Na Stow (Cave artists of South Africa, E. Rosenthal, p. 40); vindplek: Inhoek, Zastron-distrik.*

Die oude tekeningen oefen en een eigenaardige bekoring uit als men op afgelegen plekken tegen de rotswanden ze bekijkt. Er is een oude geschiedenis van het land aan verbonden toen het nog wemelde van grootwild, en de primitieve mensjes hun oerbestaan te bidden bij de klare sprengen aan de voet der bergen. Hun wel en wee hebben ze in

hun rotstekeningen vastgelegd dikwels met een verrassende, natuurwerkelike vaardigheid. Hun verfmateriaal, een prachtig, weinig verkleurend okerrood, sluit zich harmonieus aan bij de omgeving. Het primitieve en toch vaak gespannen lijnenspel der naïeve komposities is 'n heerlik uitgangspunt voor onze schilder. Honderden, vaak origineel gevarieerde patronen liet de tekenaar me in z'n atelier in Pretoria zien; hij had ze een tijdje geleden gebruikt bij de dekoratie van de lokalen der school op Ficksburg, een stuk werk waarvoor de opdrachtgevers haast evenzeer te prijzen zijn als de uitvoerder."[22]

Bouman verwys na 'n aantal oorspronklike „gevarieerde patronen" wat Pierneef in sy ateljee aan hom getoon het. Dit is vir my voor die hand liggend dat hy hier verwys na die kopieë wat Pierneef van Stow gemaak het.

Die Ficksburgse Hoërskoolsaal bevat 'n fries (1.18 voet breed op 'n hoogte van 10 voet) regom die saal met agt groot muurskilderye (10 voet hoog en 3.8 voet en 4.25 breed) op verskeie plekke onder die fries aangebring. Dr. S. H. Pellissier wat die skoolhoof was in die tyd toe hierdie werkstuk uitgevoer is, beweer dat dit mnr. Reenen J. van Reenen, destydse hoof van Publieke Werke, O.V.S., se idee was om die saal met 'n motief van Boesmantekeninge te versier.

Die muurskilderye is in 1922 voltooi en die mense op Ficksburg vertel dat terwyl Pierneef daaraan gewerk het, hy agteroor geleun het om van hulle te beskou en toe van die stellasie afgeval en sodoende sy rug beseer het. Pierneef het ook 'n openbare lesing oor die rotskuns in 1922 in Ficksburg gelewer. Die muurskilderye is nie in olieverf gedoen nie, maar dit wil voorkom asof die grondstowwe met iets gemeng is en daar is slegs vier basiese klei- of grondkleure gebruik: rooi, swart, wit en geel. Die skilderinge is ook van Stow en Helen Tongue geneem (afb. 3).

'n Kunskritikus het homself soos volg in *Die Burger* (1925) oor Pierneef en die Boesmankuns uitgelaat. Dit is suiwer Afrikaans-afgelei (indien nie volkome oorspronklik nie) heel waarskynlik van die dekoratiewe kuns van die Boesman, en dit is in daardie rigting wat ons Suid-Afrikaanse dekoratiewe kuns moet ontwikkel. Dit is interessant dat Pierneef op daardie stadium waarskynlik nog nooit 'n oorspronklike Boesmantekening met sy natuurlike kleure in die veld op 'n rotswand gesien het nie.

Op die buiteblad van die tydskrif *Voorslag* wat in Junie 1926 ver-

---

22. Bouman, A. C.: *De Zuid-Afrikaansche schilder J. H. Pierneef. Elsevier's Maandschrift*, Januarie 1926.

skyn het, verskyn dieselfde bok wat Castle[23] se artikel illustreer.

In 'n artikel getitel *Boesmantekeninge en die Suid-Afrikaanse Kunswêreld,*[24] pleit die kunskritikus van *Die Burger* vir die huisvesting van die Frobeniusversameling van rotstekeningskopieë in 'n spesiale plaaslike museum en stel die moontlikheid dat die versameling die grondslag kan vorm vir 'n nuwe rigting in die kunswêreld en kan strek tot verryking van die Suid-Afrikaanse kuns. Pierneef het ongetwyfeld hierdie versameling gesien toe dit in Suid-Afrika was en uit inligting wat van mev. Pierneef verkry is, het hy dié skilderinge met Frobenius bespreek.

Mev. Pierneef meen dat tydens Pierneef se uitstalling in Rotterdam (1933), dr. Welcker, bekende Nederlandse Kunsversamelaar 'n paar van Pierneef se kopieë van Boesmantekeninge gekoop het.

In 1938 skryf Bouman soos volg oor Pierneef en die rotskuns: „Sy diepgaande studie van die Boesmanskuns sinds ongeveer 1920 het hom reeds gelei in die rigting van sober stilering, in vorme sowel as kleure. Tog was daardie primitiewe en naïewe Boesmantekeninge nie in staat om hom definitief 'n nuwe pad te laat volg nie. Dit was Van Konijnenburg en ander kunstenaars met 'n verwante styl se werk wat vir hom die mees essensiële van sy eie wese en aanleg geopenbaar het."[25]

Toe Pierneef gevra is om sy mening te lug oor die eerste groot verteenwoordigende uitstalling van Suid-Afrikaanse kuns (1948-49) wat op verskillende plekke in Suid-Afrika en in dele van Europa tentoongestel is, het hy dit weer eens beklemtoon dat ons kunstenaars hulle na Suid-Afrikaanse bodem vir inspirasie behoort te wend.

Oor hierdie uitstalling, skryf prof. Bokhorst, destyds van die Universiteit van Pretoria, soos volg: „En zo heeft—vooral in de ogen van de beschouwer uit Europa — het werk van menig kunstenaar uit Zuid-Afrika iets hybridisch: een Afrikaanse schering met een Europese inslag. Pierneef past de geometrische princeps van Van Konijnenburg toe op het Afrikaanse landschap, dat zich daartoe zeer goed leent. Maar diezelfde Pierneef gebruikt motieven uit de praehistorische-rotstekeningen, zoals de horizontaal met een halwe cirkel er op, het „Boesman" symbool voor hemel en aarde. Walter Battiss, de grootste kenner van dit eeuwenoude werk, weet lijn- en kleuren-

23. Castle, t. a. p.
24. *Die Burger,* 10 Oktober 1931.
25. Bouman, A. C.: *Kuns in Suid-Afrika,* 1938, bl. 77.

rhythme ervan te verbinden met een moderne neiging tot het abstracte."[26]

In Augustus 1964[27] hou Egon Guenther en Adler Fielding-Kunsgalery 'n feesuitstalling van Pierneef se skilderye. Tussen die skilderye word 'n aantal kopieë van rotstekeninge vertoon.

Gedurende Junie en Julie 1965 stal mnr. Dirk Lion-Cachet sy persoonlike versameling van Pierneefskilderye in die Pretoriase Kunsmuseum uit.[28] Onder die werke is daar 'n aantal ontwerpe wat ongetwyfeld Boesmanoorsprong toon.

Skrywer hiervan het by daardie geleentheid 'n onderhoud met die volgende persone gevoer: mev. Pierneef en haar dogter, dr. en mev. Pellisier, prof. Walter Battiss en mnr. en mev. D. Lion-Cachet. Uit gesprekke met dié persone het dit geblyk dat Pierneef tog 'n paar skuilings met rotsskilderinge moes besoek het. Hierdie stelling word gestaaf deur die feit dat daar nege velle papier van 13 duim by 16 duim met sketse van Boesmantekeninge in die Pierneef-versameling aangetref word. Die vindplekke word deur Pierneef aangedui as die ,plaas Eben Haezer by Fouriesburg en Clarence by dorp', die datum *20 April 1936.*

Daar kan dus met 'n mate van sekerheid gesê word dat J. H. Pierneef slegs twee rotsskilderye van die rotswand afgetrek het. Dat hy egter die hoogste agting en respek gehad het vir die Boesmans se gebruik van kleur en komposisie en die dekoratiewe effek wat hulle verkry het, lei geen twyfel nie. Sy interpretasie was dat die bok vir die Boesman, die middelpunt van 'n skildering was en om dié tema is elke paneel geskilder. Hy het glo eenmaal gesê dat deur 'n studie van Boesmanskuns te maak, hy tot 'n vereenvoudiging van die landskap gekom het.

M. Schoonraad

26. Bokhorst, prof. dr. M.: *Beeldende Kunst in Zuid-Afrika, Maandblad Zuid-Afrika,* 1949, bl. 185—188. Vergelyk in verband hiermee die opmerkings van dieselfde skrywer in *S.A. Panorama,* vol. 3, no. 4, April 1958, bl. 39—42: In South Africa it was the art of the Bushman which gave him (Pierneef) the first impetus towards simplicification of form and decorative use of rhythmic lines. The resting eland executed in relief on Pierneef's house- door by the sculptor Coert Steynberg after a copy by the artist himself from an old rock-painting, is symbolic of the influence of primitive art. Bantu tokens also play a part in his work. An example is the horizontal line roofed in by a semi-circle, a symbol of the universe and seen in some of his paintings". Die stelling is m.i. onjuis. Daar is in die Transvaalse Argief 'n juiste natekening wat Pierneef van die kopie van Helen Tongue gemaak het. Die invloed van Boesmanskilderinge kan hoogstens uit die derde hand gewees het.
27. Commemorative Booklet, t.a.p.
28. Katalogus, t.a.p.